

# Pandemie + kunste = ?

Die Toyota US Woordfees was verlede jaar die enigste van die groot ses Afrikaanse kunstefees wat soos beplan, kon plaasvind. Weens die pandemie moes dié fees ook nuwe planne bedink, skryf **Saartjie Botha**.

**T**oe pres. Cyril Ramaphosa op 15 Maart verlede jaar die eerste inperkingsmaatreëls aankondig wat die tradisionele aanbidding van 'n kunstefees onmoontlik maak, het die jaarlikse afsluitingsvertoning van die 21ste Woordfees pas begin. Kunstenaars wat steeds op die dorp was, het in die foyer van die Adam Small-teater by die Universiteit Stellenbosch (US) bymekaargekom, onseker en bekommerd oor wat voorle.

Die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) 2020 is reeds voor Ramaphosa se aankondiging gekanselleer. Daarna sou Innibos volg, asook die Vrystaat Kunstefees en Aardklop. Die Suidoosterfees is aanvanklik met ses maande tot September uitgestel en het uiteindelik in November plaasgevind in 'n hibriede model met, onder meer, " 'n inryteater" op die spyskaart.

Aan die internasionale front is alre groot fees gekanselleer. Meer as 'n jaar later is ons bedryf op sy knieë.

## R990 vir 'n kaartjie?

In Suid-Afrika is kunstefees se finansiële modelle minstens gedeeltelik geskoei op kaartjieverkope. Om groot volumes kaartjies te kan verkoop het fees 'n hoofverhoog van terrein-area waar duisende besoekers per dag saamkuier en fees hou.

Die uitsondering is die Suidoosterfees, wat in die Kunstekaap-kompleks aangebied word, en die Toyota US Woordfees, wat nie 'n terrein- en stalletjekomponent het nie. Die Woordfees bied wel jaarliks die Woordfees WOW-karnaval en minstens een ander groot buiteligkonsernt – beperk tot ongeveer 6 000 mense – aan. Die aangepaste kapasiteit sou in die verskillende vlakke van Covid-19-inperking wissel van nul tot 500, wat die finansiële haalbaarheid van so 'n onderneming kelder nog voor die eerste verhoop-ingenlaan is.

Wat binnenshuise ruimtes betref, lyk die prentjie nog droewiger: 'n ruimte soos die Adam Small-ouditorium, met plek vir 324, kan met sosiale distansiëring slegs 49 gehoorlede akkommodeer.

Om dieselfde inkomste van 'n uitverkoopte vertoning soos voor Covid-19 te genereer, sou kaartjies met verminderde kapasiteit meer as R990 stuk moes kos. Inkomste uit kommersiële borgskappe, filantropiese donasies en ander inkomstestrome het weens die pandemie onvermydelik afgeneem en fees se volhoubaarheid verder onder druk geplaas.

## Kreatiewe tol geëis

Gister is Wêreldkreatiwiteit-en-innovasiedag gevier. In die lig hiervan moet dit weer beklemtoon word dat fees nie net 'n bydrae tot



'n Kunstefees in 'n tyd van pandemie ... kunstenaars doen 'n opvoering in 'n gebou in Stellenbosch, terwyl die gehoorlede agter 'n glasvenster op die syaapdjie staan en kyk. Foto: TOYOTA US WOORDFEES



**Dit het ook intussen duidelik geword dat aanlyn optredes en aanbiedings geen bevredigende, volhoubare oplossing is nie.**

maatskaplike impak en kohesie in Suid-Afrika lewer nie, maar ook 'n bepaalde rol speel in die volhoubaarheid van die groter uitvoerendekunstebedryf.

Vir ons kunstenaarsgemeenskap het die pandemie nie net met 'n drastiese verlies aan werkgeleentheid en inkomste gepaard gegaan nie. Dit het ook 'n noodgedwonge skeiding van die verhoogeruimtes wat hul kreatiwiteit voed, teweeggebring.

Geslote teaters en gekanselleerde kunstefees het kunstenaars ontnem van die seisoenale patrone wat hul lewensritmes bepaal en 'n mate van gemoedsrus verskaf het in 'n bedryf waarin onsekerheid ook in goeie jare 'n gegewe is. Fisieke inperking het dus sowel 'n finansiële as psigiese tol geëis. Die afsondering en skeiding van medekunstenaars het gevoelens van kommer en magtelosheid versterk en baie kunstenaars haweloos en ontrederd laat voel.

Sommige kunstenaars kon met wisselende sukses hul uitvoerende werk aanlyn skuif, maar vir die

oorgrote meerderheid van die kunstenaarsgemeenskap was dit nie 'n werkbare alternatief nie. Dit het ook intussen duidelik geword dat aanlyn optredes en aanbiedings geen bevredigende, volhoubare oplossing is nie.

## Stellenbosch se strate lêëf

Sedert die staat van inperking ingestel is, het die Woordfeesplan verskillende alternatiewe modelle ondersoek om 'n bydrae tot ons beleëde kunstenaarsgemeenskap te lewer.

'n Teaterskryflaboratorium onder leiding van Janice Honeyman is aangebied waartydens 12 nuwe tekste ontwikkel is, en enkele bestaande teaterstukke is danksy kykNET en in samewerking met March Media in die Baxter-teaterkompleks verfilm.

Die mees ambisieuse poging tot dusver was die pas afgelope Toyota US Woordfees-kunstenaarsweek en die Flikker & Flash-opwipvertonings.

Die kunstenaarsweek wou vir kunstenaars 'n gemeenskap skep waarbinne hulle 'n gevoel van eie-waarde en selfvertroue in hul vaardighede kan herwin en ook nuwe idees kan ontwikkel en beproef. Dit wou vernuwende denke aanmoedig, kreatiwiteit stimuleer en deelneemers die kans gee om te herlaai.

Die week is deur nagenoeg 70 kunstenaars van oor die hele Suid-Afrika heen bygewoon en het bestaan uit 'n reeks werkwinkels, kreatiewe projekte en geleentheid vir selfondersoek en refleksie, aangebied deur agt fasiliteerders wat

uit 'n breë spektrum van die Suid-Afrikaanse kunstegemeenskap gekies is. Streng Covid-19-protokolle is tydens die week gehandhaaf.

Kunstenaars moes gedurende die kunstenaarsweek 'n projekonsept in samewerking met die ander deelnemers ontwikkel. Binne die bestek van net vier dae moes konsepte verfyn word tot vinjette en mini-aanbiedings met min tegniese ondersteuning en feitlik geen begroting nie, maar toegang tot die Woordfees-garderobe- en steltoor.

Die eindbestemming vir die mini-aanbiedings was nie 'n veilige en konvensionele teater ruimte nie, maar 11 lêë winkels en kommersiële eiendomme in die Stellenbosse middedorp.

Met Flikker & Flash wou die Woordfees nuwe lewe blaas in 'n dorp wat swaar deur die pandemie en die gepaardgaande verlies aan koopkrag en toerisme getref is.

Kunstenaars kon self besluit oor die opstel en benutting van die onkonvensionele teateruimtes waarbinne hulle opgetree het.

Sommige het 'n beperkte aantal gehoorlede binne die optreeruimte toegelaat; ander het 'n kombinasie van gehoorlede binne die ruimte en ook buite op die syaapdjie verkies, terwyl ander kunstenaars binne die ruimte was en deur 'n glasvenster van die gehoor geskei is, met klankversterking op syaapdjies.

Aanvanklik is beplan dat vertonings al om die halfuur sou plaasvind, maar die lang toue en groot aanvraag het meegebring dat kunstenaars soveel as moontlik vertonings probeer inpas het.

Toegang tot die vertonings was gratis, maar gehoorlede kon 'n donasie aan die kunstenaars maak of bydra tot die Tribuo-fonds, wat aan kunstenaars en ander medewerkers in die uitvoerendekunstebedryf finansiële ondersteuning bied.

Die optreeruimtes was naby genoeg aan mekaar dat gehore gemaklik kon stap tussen aanbiedings, en met goeie beplanning en 'n bietjie geluk al 16 vertonings kon bywoon – amper soos met die jaarlikse Vensters by die US.

Die geroesemoes en opwinding in Stellenbosch se strate het ons stoutste verwagtinge oortref. Flikker & Flash wou kunstenaars sentraal plaas en op klein skaal kunstenaars en gehore byeenbring. Daar was skielik konneksie en saam met die konneksie was daar energie – daardie broodnodige katalisator vir toerisme wat fees te in gasheer dorpe inbring.

## Veilig én volhoubaar

Intussen is die groter kunstebedryf op haar kop gekeer weens 'n gebrek aan artistieke visie, bedryfskennis en leierskap op regeringsvlak. As daar ooit 'n tyd was vir kunstenaars om eienaarskap van die bedryf te neem, is dit nou.

Die Woordfees bied graag ons beskikbare platforms aan en werk saam met vennote. Al was dit net 'n naweek lank, kon Flikker & Flash verligting bied van die knellende druk waaronder ons bedryf verkeer.

Die Woordfees-kunstenaarsweek was net moontlik danksy ruimhartige steun van ons borge: Toyota, die US, kykNET en die Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief (Nati). Danksy steun van Visit Stellenbosch kon kunstenaars van elders gereëflik in gastehuise tuisgaan en Bolandse gasvryheid in plaaslike restaurante ervaar.

Besluitte oor hoe die Toyota US Woordfees se aktiwiteite vir die res van 2021 en 2022 daar gaan uitsien, sal binne die volgende paar weke geneem en gekommunikeer word.

Dit sal in oorleg met rolspelers in die bedryf, borge, die gemeenskap van Stellenbosch en ons adviesraad geneem word.

Ons aard en wese is kuns en kultuur en 'n viering daarvan: Sonder 'n program is ons niks.

Ons kan egter net 'n fees aanbied indien ons die veiligheid van deelnemers en feesgangers kan verseker en die aanbidding ook finansiële haalbaar is.



Botha is die direkteur van die Toyota US Woordfees en WOW.